

**1 September**

**Matteus 13:24-30 (13:30)**

***Die Kerk sal bly staan***

Baie doemprofete sê en skryf dat die kerk besig is om te sterwe. Die getalle krimp. Die mag van die duisternis is besig om finaal oor te neem. Kom ons kyk wat sê hierdie gelykenis.

Hierdie gelykenis verwys na die skepping wat God goed geskape het. Een nag het die vyand, gekom en onkruid tussen die koring gesaai wat verwys na Satan met die sondeval.

Toe die koring opgekom het, het die onkruid ook verskyn. Die werkers wil die onkruid uittrek, maar die boer keer hulle. Wat wil die Here hier vir ons sê?

Hoe maklik vra ons: Waarom neem die Here nie al die ongelowiges weg sodat ons as gelowiges in vreugde op aarde kan lewe nie? As die Here die ongelowiges nou wegneem kan ons seerkry in die geloof, omdat ons gedink het dat die een wat die Here wegneem, 'n gelowige was. Ons sien net voor die kop, maar nie in die krop. Sou ons die moordenaar aan die kruis in die hemel verwag het?

Laat altwee saam groei tot met die oes, dan sal ek hulle skei, maar bring die koring na my skuur toe.

Daar sal koring wees. Wat 'n troos! Daar sal lidmate van die kerk van Christus wees. Die poorte van die hel sal die kerk nie oorweldig nie. Om staande te bly tot die oes toe het die Here sy woord, erediens en sakramente gegee om ons geloof te versterk om uit die onkruid uit te groei en om sterk te staan en nie dood gedruk te word nie. So maklik het ons verskonings soos: Ons het nie tyd vir huisgodsdienste nie, want ons is te besig. Ag, ek gaan volgende Sondag kerk toe, ek wil hierdie Sondag rus. Gelukkig is dit nie die laaste Nagmaal nie. Volgende keer sal ek gaan. So stomp ons gou af en ons groeikrag verminder. Dan begin die onkruid ons oorheers. Waar moes die Here nie al van sy kinders gaan haal het nie! Soms het dit met trane gepaard gegaan. Watter genade dat sy Gees uitgestort is om sy kinders te bewaar.

Ds. H.B. van der Walt (Pietersburg-Noord)